**SAAMPRAATPAPIER** **17 JULIE 2016**

**LEES Genesis 2: 7 - 9 en 15 - 17**

| | |
|---|---|
| *7* | *Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.* |
| *8* | *Die Here God het toe 'n tuin in Eden in die ooste aangelê en die mens wat Hy gevorm het, daar laat woon.* |
| *9* | *Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis.* |
| *15* | *Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas.* |
| *16* | *Die Here God het die mens beveel: "Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil,* |
| *17* | *maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."* |

**LEES OOK Genesis 3: 1 - 19**

**BESPREEK:** Wat in hierdie gedeelte spreek jou aan/staan vir jou uit?

**PRAAT SAAM:** Watter 4 verhoudinge is deur die sondeval/die mens se ongehoorsaamheid aan God aangetas?

**PRAAT VERDER SAAM**: Op watter manier/ hoe is verhouding 1 wat julle hierbo genoem het, aangetas?

In watter mate is verhouding 2 aangetas? Verhouding 3? En verhouding 4?

**PRAAT ONDER MEKAAR**/getuig teenoor mekaar uit julle kennis van Bybel en van God:

Kan hierdie verhoudings herstel? / Wanneer gaan hierdie verhoudings volkome herstel? Wie en hoe gaan hierdie verhoudings herstel?

**BID SAAM**